Twee werkenmers vier gesamentlik 45 jaar by Goede Hoop

In dieselfde jaar as Goede Hoop se 85 bestaansjaarvieringe gedenk 2 personeellede gesamentlik 45 jaar diens by GHS. Die persone wat met die prestasie spog is Johanna Damon en April Willemse met onderskeidelik 25 en 20 jaar diens.

Johanna het op 18 Augustus 1986 as loneklerk by Goede Hoop aangesluit. Sy is later bevorder tot bedryfssekretaresse, nog later tot bedryfsdatakoördineerder en vandag vervul sy die rol van pakmateriaalbeplanner en aankoper. Johanna is getroud met Pietie, ‘n onderwyser by Citrusdal Primêr en het gedurende haar 25 jaar by GHS ook nog daarin geslaag om twee dogters, Petula en Gaynor, groot te maak. 2011 is ‘n besondere jaar van Johanna synde sy behalwe vir haar kwart eeu by GHS ook vir die eerste keer ouma gaan word.

April Willemse het op 1 Julie 1991 as vragmotorbestuurder by Goede Hoop diens aanvaar. April is met Gertruida getroud wat nogal by een van die opposisie pakhuise werk en is woonsaam op Eendekuil. Hy is die trotse vader van Serene, Maritza en Kelvin. April is seer sekerlik een van die min vragmotorbestuurders wat oor ‘n periode van 20 jaar kan spog met geen ernstige voertuig-ongelukke. Dit is seker een rede hoekom April as Mr Consistent beskryf word.

Goede Hoop salueer die personeellede en al die ander personeel wat besondere dienstydperk mylpale oor die jare heen bereik het. Jul lojaliteit en toewyding word nie net deur die maatskappy nie, amar ok die produsente en direksie waardeer.